

Romeine 8:28,29: *Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet, dié wat volgens sy besluit geroep is. Dié wat Hy lank tevore verkies het, het Hy ook bestem om gelykvormig te wees aan die beeld van sy Seun, sodat sy Seun baie broers kan hê van wie Hy die Eerste is.*

Dit gebeur dikwels dat gelowiges hier op aarde deur rampe en teëspoed getref word. Voor hulle geestesoog sien hulle in sulke omstandighede hoe hulle ideale soos 'n kaartehuis ineenstort. Hulle wou dit so anders gehad het. Daarom het hulle alles ook so anders beplan. Maar nou, kyk hoe lyk dit nou! In sulke tye, as alles vir hulle totaal doelloos en sinloos lyk, vra hulle baiekeer die vraag: "Waarom maak God so met my?"

Op hierdie vraag het God 'n antwoord. Hy het 'n goeie rede waarom Hy so met ons maak, en die rede is dat Hy 'n bepaalde, duidelik omskrewe plan en doel met ons lewens het. Wat hierdie doel is, deel Hy aan ons mee in Romeine 8:28,29 (vgl hierbo).

Hieruit is die duidelik dat God se doel en plan met al sy kinders is om hulle gelykvormig te maak aan die

beeld van sy Seun, met ander woorde om hulle daartoe te bring om in alles, in hulle woorde, daade, gedagtes, gesindheid en begeertes die beeld van sy Seun te vertoon, want alleen wie sy beeld vertoon, kan die ewige lewe beërwe. God se doel en plan in ons lewens is dus om ons, deur alles wat met ons gebeur, te vorm, te omvorm en te hervorm om die beeld van sy Seun te vertoon sodat ons nie die ewige verderf nie, maar die ewige heerlikheid kan binnegaan.

Alles wat in ons lewens gebeur, moet ons dan ook sien in die raamwerk van hierdie goeie doel en plan van God in ons lewens; dáárom is alles wat met ons gebeur deur die beskikking van God vir ons ten goede. Dáárom kan Paulus sê dat vir hulle wat God liefhet alles ten goede meewerk.

**WAAROM MAAK
GOD SO MET MY?**



Publikasie
Publication



Nr./No.: H54